


## Ceropegia lugardiae en Ceropegia nilotica

D: Leuchterblume



*Ceropegia lugardiae* lyk soos 'n kers. Dit kann donkerrooi spikkels op die pyggedeelte hê of nie.



*Ceropegia nilotica*



*Ceropegia ampliata* inheems in Suid-Afrika

Die Ceropegia-plant is in die algemeen nie so goed bekend nie; slegs plantkundiges en belangstellendes en diegene wat dit benut, ken en waardeer dit. Vir my is dit baie merkwaardige plante, omdat hulle plan om bevrug te word werklik uitermate slim is. Hulle werk met 'n vanghok.

Ons sien hier bo drie blomme van verskillende Ceropegia spesies. Die eerste twee kom hier in die Sandveld (Omaheke) voor, die derde een is 'n spesie van Suidafrika met 'n buitengewoon groot blom, wat ook in die handel beskikbaar is.

Die blom se kroonblare is buisvormig aanmekaar vasgegroeï en verdeel eers bo, om dan by die uiterste punte weer saam te groei. Die onderste deel van die bloeisel is bolvormig verdik, dis die "grot", waarheen die insek wat die blom moet bevrug, gelok word. Bo-op die "grot" sit 'n pypvormige gedeelte, met binne-in hare wat horisontaal wegstaan. Die "pypie" mond dan uit in 'n tregtervormige deel wat wyer word. Die punte van die kroonblare is verleng en op die eindpunt weer aanmekaar vasgegroeï en vorm sodoende 'n soort hok.

Die vlieg bv, wat die plant gaan bestuif, word aangelok deur die kleur en/of geur van die blom. Dit glij bo by die tregtergedeelte van die blom in, kruip al agter die geur aan ondertoe tussen die hare deur, tot dit in die onderste deel van die blom beland. Deur daar rond te beweeg op soek na kos of om weer uit te kom, word stuifmeel van vorige blomme afgelaai en vars stuifmeel opgetel. Die bevrugte bloeïsele begin verlep, die hare in die buisvormige gedeelte sak af en en maak sodoende die pad na bo weer oop. Die vlieg is vry om die hok te verlaat.

Die Ceropegia lugardiae groei vanaf onder 'n bos of boom in lang ranke tot bo op waar daar baie lig is en versier dan die stutplant met 'n pragtige blommekroon.



*Ceropegia nilotica* darenteen groei baie yler en meer in die skaduwee van die stutplant se takke. Dit groei nie so baie hoogop nie en het ook baie minder blomme as *Ceropegia lugardiae*. Die ranke is glad, gryserig groen en ietwat sukkulent by beide spesies.

Die wortels groei soos vlesige vingers uit 'n sentrale punt af ondertoe in die grond in, nie baie diep nie. By die Boesmans is dit 'n waardevolle bron van kos (vitamienes en vog).

Die vrugkapsules lyk soos 'n paar lang, liggies geboë beeshorings. As hulle ryp en droog is, bars hulle oop om die sade vry te stel. Die sade hang aan 'n syagtige soort valskerm pie en word deur die wind versprei.



Partykeer is die ranke van die *Ceropegia lugardiae* belangrik by jagtogte van Boesmans. Om die kop gedraai of gedroog, vergruis en in fyn snytjies op die voorkop gesmeer sorg dit vir 'n suksesvolle jagtog. Teen rug- en spierpyne word die poeier ook gebruik.

Na die somer vedroog alles wat bokant die grond groei, slegs die vlesige wortels oorleef tot die volgende groeiseisoen.

Dit lyk vir my, dat die natuur gretig is om verskillende maniere uit te toets om voortbestaan te waarborg; hoekom het dan nie al die verskillende plante dieselfde planne nie?!

Inligtingsbronne:

Heil-, Gift und Essbare Pflanzen in Namibia (Eberhard von Koenen)

Gemsbok Bean & Kalahari Truffle (Arno Leffers)

<https://de.wikipedia.org/wiki/Leuchterblumen>

Teks en Fotos: Anka Eichhoff

Maart 2017